
Voel jy verlate?
jy is nie alleen nie!
PSALM 22

1 Vir die koorleier: op die wysie van "Die wildsbok
van die daeraad". 'n Psalm van Dawid.
2 My God, my God, waarom het U my verlaat
en bly U ver as ek om hulp roep?
3 My God, ek roep bedags en U antwoord nie,
ook snags, maar ek kry geen rus nie.
4 U is tog die Heilige
wat woon waar die lofsange van Israel weerklink!

Psalm 22

5 Op U het ons voorvaders vertrou.
Hulle het vertrou en U het hulle gered.
6 Hulle het na U om hulp geroep en hulle is
bevry; op U het hulle vertrou
en hulle is nie beskaam nie.
7 Maar ek is n wurm, nie n mens nie.
Ek word deur die mense bespot
en deur die volk verag.

Psalm 22

8 Almal wat my sien, spot my,
hulle steek vir my tong uit
en knik met voldoening die kop en se:
9 "Laat dit aan die Here oor!
Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry
as Hy dan so baie van hom hou."
10 U het my die eerste lewenslig laat sien,
my veilig laat rus aan die bors van my moeder.

Psalm 22

11 Van my geboorte af is ek onder u sorg,
van die begin van my lewe af is U my God.
12 Moet tog nie so ver van my af weg bly nie,
want die nood is naby
en daar is niemand wat help nie.
13 n Wreedaardige klomp mense het my omsingel,
soos beeste uit Basan staan hulle my toe.

Psalm 22

14 Soos verskeurende, brullende leeus storm
hulle met oop bekke op my af.
15 Ek is soos uitgestorte water,
al my bene het uitmekaar geval, my hart het
soos was geword, dit smelt weg in my.
16 Ek is so min werd soos n potskerf,
my tong kleef aan my verhemelte,
U laat le my asof ek dood is.

Psalm 22

17 Soos honde omsingel hulle my,
die bende misdadigers sak op my toe,
hulle bind my hande en voete vas.
18 Al wat been in my is, kan ek tel;
hulle kyk na my met leedvermaak.
19 Hulle verdeel my klere onder mekaar
en trek lootjies oor my mantel.

Psalm 22

20 En U, Here – moet tog nie so ver bly nie,
Bron van my krag, help my tog gou!
21 Red my van die swaard,
my kosbare lewe uit die mag van die honde.
22 Red my uit die bek van die leeu
en tussen die horings van die wilde beeste uit.

Psalm 22


Voel jy verlate?
jy is nie alleen nie!
PSALM 22









7 Maar ek is n **wurm**, nie
n mens nie.

*Psalm 22:7*

# תוֹלַעַת





1"Jy moet n tabernakel
maak. Gebruik
daarvoor tien stukke
materiaal: goed
geweefde linne en blou,
pers en bloedrooi
wolstof. Jy moet gerubs
daarop laat uitborduur.

*Eksodus 26:1*



2Die skouerkleed is
gemaak van
gouddraad, blou, pers
en bloedrooi wolstof en
goed geweefde linne.

*Eksodus 39:2*







© Paul S


18 Kom tog, laat ons die
saak met mekaar
uitmaak, se die Here:
Al was julle skarlakenrooi
van sonde, julle sal wit
word soos sneeu.
Al was julle purperrooi,
julle sal wit word soos wol.

Jesaja 1:18



14 Hoeveel te meer sal die
bloed van Christus ons
gewete bevry van die las van
dade wat tot die dood lei,
sodat ons die lewende God
kan dien! Hiervoor het
Christus immers
Homself as volkome offer
deur die ewige Gees aan
God geoffer.

*Hebreërs 9:14*




Voel jy verlate?
jy is nie alleen nie!
PSALM 22